

Amos 5

1 Hoor hierdie woord wat Ek oor julle as klaaglied aanhef, o huis van Israel! 2 Die jonkvrou van Israel het geval, sy sal nie weer opstaan nie; neergewerp lê sy op haar land, niemand rig haar op nie. 3 Want so sê die Here HERE: Die stad wat met duisend uitgetrek het, hou honderd oor; en die wat met honderd uitgetrek het, hou tien oor vir die huis van Israel.

4 Want so sê die HERE aan die huis van Israel: Soek My, dan sal julle lewe! 5 Maar soek Bet-el nie, en kom nie na Gilgal nie en trek nie deur na Berséba nie. Want Gilgal sal gewis in ballingskap gaan, en Bet-el sal tot niks word nie. 6 Soek die HERE, dan sal julle lewe, sodat Hy nie teen die huis van Josef uitbreek soos 'n vuur wat verteer sonder dat iemand dit vir Bet-el kan blus nie. 7 Julle wat die reg in wilde-als verander en die geregtigheid teen die grond gooi! 8 Hy wat die Sewe-ster en die Oríon gemaak het en die duisternis in môrelik verander en die dag tot nag verduister, wat die waters van die see roep en dit uitgiet oor die oppervlakte van die aarde – HERE is sy Naam! 9 Hy wat verwoesting laat aanblits oor die sterke, en verwoesting kom oor die vesting! 10 Hulle haat die man wat in die poort die reg handhaaf, en hulle het 'n afsku van hom wat in opregtheid spreek. 11 Daarom, omdat julle die arm man vertrap en van hom 'n heffing van koring neem, het julle huise van gekapte klippe gebou, maar julle sal nie daarin woon nie; julle het pragtige wingerde geplant, maar julle sal die wyn daarvan nie drink nie. 12 Want Ek weet dat julle oortreding menigvuldig en julle sondes geweldig is, julle wat die vyande is van die regverdige, wat omkoopgeld aanneem en die behoefdiges wegstoot in die poort. 13 Daarom swyg die verstandige in so 'n tyd, want dit is 'n onheilspellende tyd.

14 Soek wat goed is, en nie wat sleg is nie, sodat julle kan lewe en die HERE, die God van die leërskaer, só met julle kan wees soos julle sê. 15 Julle moet haat wat sleg is en liefhê wat goed is, en handhaaf die reg in die poort – miskien sal die HERE, die God van die leërskaer, Hom ontferm oor die oorblyfsel van Josef.

16 Daarom, so sê die HERE, die God van die leërskaer, die Here: Op al die pleine weeklag! En op al die strate sal hulle sê: Ag, ag! En hulle sal na die landbouer roep om te treur, en te weeklaag na die wat verstaan om treurliedere te sing. 17 Ook sal daar in al die wingerde weeklag wees wanneer Ek in jou midde deurtrek, sê die HERE. 18 Wee die wat na die dag van die HERE verlang! Wat sal tog die dag van die HERE vir julle wees? Dit sal duisternis wees en geen lig nie. 19 Soos wanneer iemand vlug

vir 'n leeu, maar 'n beer loop hom raak; of hy kom in die huis en leun met sy hand teen die muur, en 'n slang byt hom! 20 Is die dag van die HERE nie duisternis en geen lig nie, ja, donkerheid sonder 'n ligstraal? 21 Ek haat, Ek versmaad julle feeste en het geen welgevalle aan julle feestye nie. 22 Want al bring julle vir My brandoffers saam met julle spysoffers, Ek het daar geen welbehae in nie, en die dankoffer van julle vetgemaakte kalwers sien Ek nie met welgevalle aan nie. 23 Verwyder van My die geraas van jou liedere! En na die geluid van jou harpe wil Ek nie luister nie. 24 Maar laat die reg aanrol soos watergolwe, en geregtigheid soos 'n standhoudende stroom. 25 Het julle aan My slagoffers en spysoffers gebring veertig jaar lank in die woestyn, o huis van Israel, 26 en ook gedra Sakkut, julle koning, en Kewan, julle beelde, julle stergod wat julle vir julle gemaak het? 27 Daarom sal Ek julle anderkant Damaskus in ballingskap wegvoer, sê die HERE wie se Naam God van die leërskaer is.

'n Samestelling van Amos 5

- 1:3-6:14 *Profesieë*
- 1:3-2:16 *Profesieë teen die nasies*
- 3:1-6:14 Profesieë teen Israel
- 5:1-17 Derde strafrede oor onreg (Oproep tot bekering by die sterfbed van die jonkvrou Israel)
- 5:18-27 Vierde strafrede oor onaanvaarbare aanbidding (Klaaglied by die sterfbed)

Amos 5:1-17 – Derde strafrede oor onreg; 'n oproep tot bekering by die sterfbed van die jonkvrou Israel

Amos 5 kan in twee groot dele verdeel word – Amos 5:1-17 en Amos 5:18-27. Amos 5:1-17 kan verder soos volg onderverdeel word:

A – Amos 5:1-3 – 'n Beskrywing van die gewisse oordeel

 B – Amos 5:4-6 – 'n Oproep tot individuele bekering

 C – Amos 5:7 – 'n Klag oor onreg

 D – Amos 5:8-9 – 'n Beskrywing van die soewereine HERE

 C – Amos 5:10-13 – 'n Klag oor onreg

 B – Amos 5:14-15 – 'n Oproep tot individuele bekering

A – Amos 5:16-17 – 'n Beskrywing van die gewisse oordeel

In bogenoemde verdeling val die klem op verse 8 en 9. In 'n ander manier om die strukturele samestelling te beskou, word die solidariteit tussen die Here en sy profeet beklemtoon. In so 'n samestelling word die woorde van die profeet in verse 1-2, 6-9 en 14-15 telkens afgewissel met die woorde van die Here in verse 3-5, 10-13 en 16-17. In hierdie studie gaan gebruik gemaak word van die eerste strukturele samestelling.

Amos 5:1-3 – 'n Beskrywing van die gewisse oordeel

1 Hoor hierdie woord wat Ek oor julle as klaaglied aanhef, o huis van Israel! 2 Die jonkvrou van Israel het geval, sy sal nie weer opstaan nie; neergewerp lê sy op haar land, niemand rig haar op nie. 3 Want so sê die Here HERE: Die stad wat met duisend uitgetrek het, hou honderd oor; en die wat met honderd uitgetrek het, hou tien oor vir die huis van Israel.

Die derde strafrede begin op dieselfde wyse as die eerste twee - **Hoor hierdie woord**. Die groot verskil is dat hierdie keer nie maar net 'n profetiese woord van die Here tot die volk kom nie, maar 'n **klaaglied**. 'n Klaaglied is gewoonlik gesing by die begrafnis van 'n vriend, 'n familielid of iemand belangriks (vgl. 2 Sam 1:17-27; 3:33-34; 2 Kron 35:25). Die profete het klaagliedere gebruik om die dood van 'n stad of 'n volk te profeteer (vgl. Jer 7:29; 9:10-11, 17-22; Klaagl 1-5; Eseg 19; 26:17-18; 27:2-32; 28:12-19; 32:2). Amos gebruik die klaaglied om die gewisse oordeel van Israel aan te kondig in die bloeitydperk gedurende Jerobeam II se koningskap. Vir die inwoners van Israel moes dit skokkend gewees het veral in hierdie voorspoedige stadium van Israel se geskiedenis.

Israel word die **jonkvrou Israel** genoem. Jonkvrou verwys na haar maagdelike toestand en haar hubare status. Hierdie status sien op haar verhouding tot die Here wat haar vir Homself opgeeï het as sy vrou. Maar deur haar afgodery het sy ontrou geword teenoor die Here.

Op die hoogtepunt van haar lewe het sy **geval** en **sy sal nie weer opstaan nie**. Val in hierdie sin verwys na die dood van iemand in die oorlog (vgl. 2 Sam 1:19, 25, 27; 3:34; Klaagl 2:21). Israel sal nie weer tot dieselfde hoogte uitstyg nie. Maar Israel het nie net geval nie – **neergewerp lê sy op haar land**. Sy is neergegooi en **niemand**

rig haar op nie. Niemand van haar sogenaamde bondgenote kom tot haar hulp nie. Selfs nie eers die Here is tot haar hulp naby nie (vgl. Rig 6:13; 2 Kon 21:14; Jes 2:6). In die oorloë teen die aankomende vyande sal daar net tien persent van die soldate oorbly. Die ander negentig persent sal in die oorloë sneuwel. Geen land kan na so 'n verskriklike nederlaag nog staande bly nie.

Amos 5:4-6 – 'n Oproep tot individuele bekering

4 Want so sê die HERE aan die huis van Israel: Soek My, dan sal julle lewe! 5 Maar soek Bet-el nie, en kom nie na Gilgal nie en trek nie deur na Berséba nie. Want Gilgal sal gewis in ballingskap gaan, en Bet-el sal tot niks word nie. 6 Soek die HERE, dan sal julle lewe, sodat Hy nie teen die huis van Josef uitbreek soos 'n vuur wat verteer sonder dat iemand dit vir Bet-el kan blus nie.

Oordeel is nooit die laaste woord van die Here. Al het die Here reeds die begrafnislied vir Israel gekomponeer (Amos 5:2-3), roep Hy die **huis van Israel** steeds terug na Hom toe. Al het die Here die gewisse oordeel reeds oor Israel aangekondig, beteken dit nie dat daar geen kans meer vir bekering is nie.

Daarom roep die Here: **Soek My, dan sal julle lewe!** Die ganse volk sal hulle nie in al hulle getalle tot die Here bekeer nie, maar daar mag nog altyd individue wees wat as ware gelowiges hulle tot die Here bekeer. So 'n ware gelowige moet die Here self soek dan sal hy lewe. In die konteks van die boek Amos en in die direkte konteks van hierdie verse beteken dit dat die Here gesoek moet word in Jerusalem – dit is die plek wat Hy gekies waar sy Naam sal woon.

Bet-el, Gilgal en Berséba was gewilde plekke van aanbidding vir Israel, maar dit was ook plekke van aanbidding waarin die eiewilligheid van Israel navore gekom het. In Israel se geskiedenis het hierdie drie plekke 'n besondere betekenis gehad. Die Here het Homself aan Jakob by Bet-el geopenbaar toe Jakob van Esau af gevlug het en Jakob het daar vir die Here 'n altaar gebou (Gen 28:11-19; 35:1-7). In Gilgal is al die mans van Israel besny omdat hulle wat tydens die veertig jaar in die woestyn gebore is nie besny was nie (Jos 5:2-7). Berséba het 'n besondere verbintenis met Abraham, Isak en Jakob (Gen 21:22-33; 26:23-33; 46:1-5). Maar nou beteken hierdie plekke niks wanneer dit kom by die aanbidding van die Here nie.

In die Hebreëus het die woorde aan die einde van vers 5 'n woordspeling – **Gilgal sal gewis in ballingskap gaan, en Bet-el sal tot niks word nie**. In die oorspronklike klink dit so: *hag gilgal galoh yigleh oovaith el yiheyeh leawen*. Die naam Bet-el beteken huis van God, maar dit gaan word Awen of Bet-awen wat beteken huis van nietigheid (vgl. Amos 1:5).

Nog 'n keer roep die Here sy volk om Hom te soek dan sal hulle bly lewe. Die oproep tot bekering kansleer glad nie die oordeel wat reeds uitgespreek is nie. In vers 5 het die Here weer die oordeel herhaal as iets wat gewis sal gebeur. Maar die Here wil nie met die oordeel die huis van Israel – hier genoem die **huis van Josef**, want Efraim die seun van Josef was die belangrikste stam in Israel – totaal vernietig nie. As daar niemand is wat die vuur vir Bet-el kan blus nie, sal dit geheel en al tot niet gaan.

Amos 5:7 – 'n Klag oor onreg

7 Julle wat die reg in wilde-als verander en die geregtigheid teen die grond gooi!

Hierdie klag oor onreg is nie alleen 'n klag oor ongeregtigheid in hulle optrede teenoor mekaar nie, maar dit gaan ook oor die onreg wat gepleeg word in regspraak. Reeds in Amos 2 het die Here al gesê dat hulle die reg verdraai (vgl. Amos 2:6-7). Israel het **die reg in wilde-als verander**. Die reg wat aan die lewe 'n soet en aangename smaak moes gee (vgl. Ps 19:10-11) omdat dit verantwoordelik toegepas is, laat nou 'n bitter smaak in die mond. En die geregtigheid wat mense onder mekaar moes handhaaf is **teen die grond gegooi**. Die regte optrede teenoor mekaar is met die grootste minagting behandel.

Die klag oor die onreg in die regspraak en oor die onregverdige optrede word in verse 10 tot 13 voortgesit.

Amos 5:8-9 – 'n Beskrywing van die soewereine HERE

8 Hy wat die Sewe-ster en die Oríon gemaak het en die duisternis in môrelik verander en die dag tot nag verduister, wat die waters van die see roep en dit uitgiet oor die oppervlakte van die aarde – HERE is sy Naam! 9 Hy wat verwoesting laat aanblits oor die sterke, en verwoesting kom oor die vesting!

Verse 8 en 9 is die kern van Amos 5:1-17 in die struktuur wat vroeër gekies is (sien p. 54 hierbo). In hierdie twee verse word daar op die soewereiniteit en almag van die Here van die verbond gewys. Die **Sewe-ster** en die **Orion** is sterre konstellasies wat deur die Here geskep is. Die opkoms van die Sewe-ster net voor dagbreek het die koms van die lente aangekondig. En die verskyning van die Orion net na sononder het die koms van die winter aangekondig. Aangesien die Here hierdie sterre geskep het, kan Hy sy wil ook tot uitvoer bring.

Die Here verander **duisternis in môrelik** en Hy **verduister die dag in nag**. Hy **roep die waters van die see en giet dit op die aarde uit**. Die Here het die oordele oor Israel aangekondig sowel as die belofte van lewe indien hulle hulle tot die Here bekeer. Hierdie woorde van die Here is nie maar net leë beloftes nie. Hy is almagtig en soewerein, daarom kan Hy uitvoer wat Hy gesê het.

In hierdie drie voorbeelde in vers 8 staan die genade aankondiging elke keer eerste – die aanbreek van die lente, die aanbreek van die dag en reën as seën. Die Here kan ware voorspoed aan Israel gee wanneer hulle hulle tot Hom bekeer. Maar Hy laat ook die winter, die nag en groot verwoesting deur waters aanbreek. Daarom moet Israel ook weet dat die oordele van die Here nie maar net praatjies is nie. Hy kan doen wat Hy gesê het, want Hy is almagtig.

Die heidene het die wisseling van seisoene, dag en nag en die reën en droogte aan hulle onderskeie afgode toegeskryf. Baie Israeliete het ook hierdie afgode begin dien en hulle rug op hulle Verbondsgod gedraai. Die Here maak dit egter baie duidelik dat Hy wat die Here van die verbond is, is die Een wat hierdie dinge doen en niemand anders nie. Hy is die Een **wat verwoesting laat aanblits oor die sterke, en verwoesting kom oor die vesting!** Daarom sal dit verantwoordelik wees om na die Here te luister.

Amos 5:10-13 – 'n Klag oor onreg

10 Hulle haat die man wat in die poort die reg handhaaf, en hulle het 'n afsku van hom wat in opregtheid spreek. 11 Daarom, omdat julle die arm man vertrap en van hom 'n heffing van koring neem, het julle huise van gekapte klippe gebou, maar julle sal nie daarin woon nie; julle het pragtige wingerde geplant, maar julle

sal die wyn daarvan nie drink nie. 12 Want Ek weet dat julle oortreding menigvuldig en julle sondes geweldig is, julle wat die vyande is van die regverdige, wat omkoopgeld aanneem en die behoeftiges wegstoot in die poort. 13 Daarom swyg die verstandige in so 'n tyd, want dit is 'n onheilspellende tyd.

Die klag oor die onreg wat in vers 7 begin is, word nou hier voortgesit. Dieselfde mense wat die reg in wilde-als verander en die geregtigheid teen die grond gooi, is die mense wat **die man haat wat in die poort die reg handhaaf**. Die poort van 'n stad of 'n dorp is die plek waar die oudstes van daardie stad vergader het om regspraak te lewer. Regters wat in die poort die reg nog wou handhaaf, was gehaat onder die vooraanstaande mense wat daarop uit was om die armes en behoeftiges deur korrupte regsgedinge tot niet te maak. Selfs die getuies **wat in opregtheid spreek** is deur hierdie haters van reg **verafsku**. Wanneer invloedryke mense in die gemeenskap die reg verag, is daar min hoop dat die samelewing nog stabiel en veilig sal bly.

Deur hulle minagting van die reg het hulle **die arm man vertrap** en boonop ook nog **'n heffing van koring geneem**. Hierdie heffing van koring was waarskynlik 'n soort belasting of huur wat die arm landbouer aan die welgestelde grondeienaar moes betaal. Die vooraanstaande burgers leef gemaklik binne in die stad en die arm man moet hardwerk op die landerye wat nie eers meer aan hom behoort nie maar aan die ryke. En dan moet hy nog 'n leeu aandeel van die oes as huur aan die rykes betaal.

Deur middel van hierdie onregverdige inkomste het die vooraanstaande burgers vir hulle **huise van gekapte klippe gebou** en **pragtige wingerde geplant**. Die Here se oordeel oor hierdie regsverkragters is dat hulle nie self in daardie huise sal woon nie en dat hulle ook nie self van die wyn van daardie wingerde sal drink nie.

Dit word hieruit duidelik dat die Israëliete die verbondsbepalings van die Here aangaande die besit van grond geheel en al geminag het. Grond wat die Here in die besit van 'n familie gegee het, mag nooit permanent verkoop word nie (Lev. 25:23-28). Dit blyk dat die vooraanstaande mense in die dae van Amos in die voetspore van Agab en Isebel gevolg het (vgl. 1 Kon 21) deur die regmatige besitters van die grond te oteien en die regmatige besitters het nou huurpag boere geword vir hulle.

Die Here maak dit baie duidelik aan hierdie verkragters van die regstel dat Hy **weet dat hulle oortreding menigvuldig en hulle sondes geweldig is**. Daar is geen onreg wat gepleeg word sonder dat die Here dit weet nie. Hy is alwetend. Hy verwag dat die Israëliete as sy verbondsvolk regverdig teenoor mekaar sal optree en dat hulle in geregtigheid teenoor Hom sal lewe.

Maar hierdie Israëliete het **vyande** geword **van die regverdige** en **omkoopgeld aangeneem** en sodoende het hulle **die behoeftige weggestoot in die poort**. Deur hulle korrupte optredes het hulle die arm mense van alle regspraak ontnem. Aangesien hulle geen agting vir God meer het nie, is die verbondsbepalings geïgnoreer en die reg gehaat. Gevolglik was daar geen regverdigheid tussen die Israëliete onderling nie.

Dit het so erg daaraan toe gegaan dat **die verstandige in so 'n tyd swyg, want dit is 'n onheilspellende tyd**. Die Godvresendes en regverdiges het naderhand maar stil gebly uit vrees vir vergelding deur die korruptes of omdat hulle geweet het dat dit nie eers sal help om te praat nie.

Amos 5:14-15 – 'n Oproep tot individuele bekering

14 Soek wat goed is, en nie wat sleg is nie, sodat julle kan lewe en die HERE, die God van die leërskaer, só met julle kan wees soos julle sê. 15 Julle moet haat wat sleg is en liefhê wat goed is, en handhaaf die reg in die poort – miskien sal die HERE, die God van die leërskaer, Hom ontferm oor die oorblyfsel van Josef.

By die eerste oproep tot bekering in hierdie gedeelte (Amos 5:4-6) is die volk opgeroep om die Here te soek dan sal hulle lewe. Nou word hulle opgeroep om te **soek wat goed is, en nie wat sleg is nie, sodat hulle kan lewe en die HERE, die God van die leërskaer, só met julle kan wees soos julle sê**. Die verhouding met die Here self is die heel belangrikste, daarom die eerste oproep. Maar die verhouding met die Here moet ook deurwerk na alle ander verhoudings. Israel se hele lewenstyl moet toon dat hulle regtig in 'n verhouding met die Here lewe.

Die **goed** en **sleg** waarna hier verwys word, hou dan verband met die sedelike en morele beginsels, want dit loop uit op **die reg wat in die poort** – in die hof –

gehandhaaf moet word. Dit wil sê, Israel moet afsien van die onreg en korrupsie wat hulle pleeg en waarmee hulle die armes verdruk om hulleself te verryk. Hulle moet hulle eie verkeerde optrede wat teen die wil van God is **haat** en hulle moet die reg wat goed is **liefhê**.

Wanneer Israel hulle dan so bekeer soos wat die Here hulle oproep, sal hulle lewe en die Here by hulle wees soos wat hulle sê. Israel het onder die waan verkeer dat die Here outomaties by hulle is omdat hulle sy verbondsvolk is. Hulle het onder die waan verkeer dat hierdie verbondsverhouding van die Here met hulle glad en geheel nie deur hulle eie oortredings en minagtings van die verbondsbepalings geskaad word nie. Maar uit hierdie oproep tot bekering word dit juis duidelik dat die Here nie by hulle is soos wat hulle gedink het nie. Hy is tans nie in sy genade by hulle nie, maar staan met sy toorn oor hulle sonde teenoor hulle.

Amos sluit hierdie tweede bekeringsoproep op 'n soortgelyke wyse af as wat Joël dit ook gedoen het (vgl. Joël 2:14) – **miskien sal die HERE, die God van die leërskaare, Hom ontferm oor die oorblyfsel van Josef.** Niemand het reg op die ontferming van die Here nie. Bekering is nie hefboom om die Here tot ontferming te oorreed nie. Die Here kan moontlik genade aan sy volk betoon omdat Hy hulle self tot die bekering oproep. Verder hou Amos ook daarmee rekening dat daar in die hele Israel nog 'n oorblyfsel is wat regtig toegewyd aan die Here lewe. Hierdie oorblyfsel is in die volk slegs deur die genadige werk van die Heilige Gees.

Amos 5:16-17 – 'n Beskrywing van die gewisse oordeel

16 Daarom, so sê die HERE, die God van die leërskaare, die Here: Op al die pleine weeklag! En op al die strate sal hulle sê: Ag, ag! En hulle sal na die landbouer roep om te treur, en te weeklaag na die wat verstaan om treurliedere te sing. 17 Ook sal daar in al die wingerde weeklag wees wanneer Ek in jou midde deurtrek, sê die HERE.

Aan die begin van Amos 5 was dit die Here self wat 'n klaaglied oor Israel aangehef het (Amos 5:1-3). Nou sê Hy hoe die volk self sal weeklaag. Hulle sal beslis op die pleine en in die strate klaagliedere sing, want die oordeel sal gewis oor Israel kom.

Dit blyk dat die onreg wat in Israel woed so erg is dat die Here nie meer uitstel sal gee nie. Die oordeel sal nou moet kom al was daar in die vorige vers 'n flikkering van die Here se genade waarop die profeet hoop – die genade dat die Here Hom oor die oorblyfsel van Josef sal ontferm.

Die volk se weeklaag is nie iets wat miskien sal gebeur nie. Baie duidelik word dit gestel dat die volk sal beslis weeklaag – op die pleine en in die strate. Selfs die landbouers – hulle wat deur die vooraanstaande en welgestelde burgers in die stede verkul en verdruk is (vgl. Amos 5:11) – sal geroep word om saam met die professionele treursangers klaagliedere te sing. Dit is asof die ellende so groot en die begrafnisse so baie gaan wees dat die professionele treursangers te min is vir al die begrafnisse. Daarom word die verarmde landbouers ook nader geroep.

En die wingerde wat gewoonlik as plekke van vrolikheid beskou is, ook daar sal die klaagliedere weerklink wanneer die Here deur hulle midde trek. Israel weet watter droefheid 'n volk kan tref wanneer die Here oordelend deur so 'n volk trek. Hulle het die geweeklag in Egipte gehoor toe die Here die eersgeborenes van Egipte met die dood getref het (Eks 11:4-7; 12:12-13).

Amos 5:18-27 – Vierde strafrede oor onaanvaarbare aanbidding; 'n Klaaglied by die sterfbed

Hierdie klaaglied in die vierde strafrede vertoon ook 'n chiasiese struktuur. Die kern van hierdie struktuur is die oproep tot individuele bekering.

A – Amos 5:18-20 – 'n Beskrywing van die onvermydelike oordeel

B – Amos 5:21-22 – 'n Klag van skeinheilige godsdiens

C – Amos 5:23-24 – 'n Oproep tot persoonlike bekering

B – Amos 5:25-26 – 'n Klag van skynheilige godsdiens

A – Amos 5:27 – 'n Beskrywing van die onvermydelike oordeel

Amos 5:18-20 – 'n Beskrywing van die onvermydelike oordeel

18 Wee die wat na die dag van die HERE verlang! Wat sal tog die dag van die HERE vir julle wees? Dit sal duisternis wees en geen lig nie. 19 Soos wanneer iemand vlug vir 'n leeu, maar 'n beer loop hom raak; of hy kom in die huis en leun met sy hand teen die muur, en 'n slang byt hom! 20 Is die dag van die HERE nie

duisternis en geen lig nie, ja, donkerheid sonder 'n ligstraal?

Die vorige drie strafredes het elke keer met die woord *hoor* begin. Hierdie strafrede en die vyfde een begin met die woord **wee**. Hierdie woord kondig gewoonlik die komende oordeel aan. Dit is nog 'n klaaglied vir 'n begrafnis.

Dit is die eerste keer dat Amos die begrip **die dag van die HERE** gebruik. Israel het die oortuiging gehad dat die dag van die HERE vir hulle net groot vreugde sal inhou. Die Here sal al die vyande van sy volk oordeel en verdag oor hulle goddeloosheid. Dan sal Israel bevry van alle verdrukking en ellende in vrede kan lewe (vgl. Deut 33:2-3; Joel 3:18-21). Amos gee aan Israel die korrekte uitkyk op die dag van die HERE. Die aanvang van hierdie strafrede voorspel somer ongelukkigheid – **Wee die wat na die dag van die HERE verlang!**

Met die retoriese vraag – **Wat sal tog die dag van die HERE vir julle wees?** – wek Amos die volle aandag van die volk op. Hulle moet nou aandagtig luister en verstaan waarna hulle eintlik verlang as hulle na die dag van die HERE verlang.

Die dag voorspel **duisternis** en nie **lig** nie. Wie na hierdie dag verlang, verlang eintlik na die komende onheil en nie heil nie (vgl. Jer 46:10; Joel 3:1-17; Sef 3:8; Sag 14:1-3). En om enige onduidelik uit die weg te ruim, maak Amos duidelik hoe duister die duisternis van die dag van die HERE sal wees.

Dit sal wees soos **iemand wat vir die leeu vlug** en tot 'n groot mate daarin slaag om weg te kom van die leeu. Maar net toe hy gedink het dat hy nou heeltemal veilig uit die kloue van die leeu is, **loop 'n beer hom raak**. Of dit is wanneer hy vir die gevaar daar buite vlug en **in die huis kom en met sy hand teen die muur leun en 'n slang byt hom**. Die mens het gevlug en staan ewe rustig en self tevrede in die huis omdat hy die gevaar van buite kon ontvlug en skielik byt die slang hom in die huis waarvan hy niks geweet het nie. Met hierdie beelde kondig die Here aan dat die oordeel oor sy volk onvermydelik en skielik sal wees. Daar is geen manier dat hulle die oordeel van die Here sal kan ontvlug nie.

Amos sluit die beskrywing van hierdie onvermydelike oordeel af met nog 'n retoriese

vraag – **Is die dag van die HERE nie duisternis en geen lig nie, ja, donkerheid sonder 'n ligstraal?** Vir die volk wat hulle beroem op hulle afkoms en dit wat hulle alles vir die Here doen en intussen nog besig bly met die onreg wag daar geen lig of 'n ligstraaltjie nie. Dit is net duisternis op duisternis.

Amos 5:21-22 – 'n Klag van skynheilige godsdiens

**21 Ek haat, Ek versmaad julle feeste en het geen welgevalle aan julle feestye nie.
22 Want al bring julle vir My brandoffers saam met julle spysoffers, Ek het daar geen welbehae in nie, en die dankoffer van julle vetgemaakte kalwers sien Ek nie met welgevalle aan nie.**

Hierdie woorde uit die mond van Amos sou verseker as 'n skok vir die volk gekom het. Die Here laat deur sy profeet hoor dat Hy hulle **feeste haat en verwerp (versmaad)** en dat Hy **geen welgevalle aan hulle feestye het nie.**

Die feeste wat hier ter sprake is, is die paasfees, die fees van die weke en die huttefees (Eks 23:14). Hoedanig die afvallige Israeliete van die noordelike ryk nog hierdie feeste gehou het, is nie duidelik nie. Dit is wel duidelik dat hulle graag feeste en feestye onderhou het en hulle was geheel en al onder die indruk dat hulle dit regtig tot eer van die Here doen. Maar die Here betuig dat Hy hulle feeste verwerp en haat.

Die drie offers wat hier genoem word – **brandoffer, spysoffer en dankoffer** – is al drie vrywillige offers wat die aanbieder vir die Here bring. By die brandoffer word die hele offer op die altaar verbrand as teken van die aanbieder se algehele toewyding aan die Here (Lev 1). Die spysoffer is 'n offer van graan waarvan 'n gedeelte op die altaar verbrand word en die res gaan na die priester om te eet (Lev 2). Die dankoffer word gedeeltelik op die altaar verbrand en die res word geëet as teken van gemeenskap met die Here en ander gelowiges (Lev 3).

Al drie hierdie offers het gepaard gegaan met 'n hegte en gesonde verhouding met die Here. Dit wil sê, iemand wat so 'n offer aan die Here gebring het, het die indruk gegee dat sy verhouding met die Here reg is. Nou betuig die Here egter dat Hy geen welgevalle in hierdie offers het nie. Hy stel nie daarin belang nie en dit stel Hom ook nie tevrede nie.

Om te verstaan hoekom die Here so voel oor die feeste en offers van die volk, moet 'n mens die konteks nagaan. In die volgende gedeelte word die volk opgeroep om reg en geregtigheid te doen. In die voorafgaande gedeelte (Amos 5:7, 10-13) het die Here sy volk aangekla oor die onreg wat hulle pleeg. Diegene wat in die poorte die reg moet spreek, verdraai die reg tot voordeel van die vooraanstaande en welgestelde burgers. Die armes word uitgebuit en vertrap. Hulle moet heffings betaal en die rykes woon gemaklik binne in die stad in hulle weelde.

Terwyl hierdie onreg aan die gang is, hou Israel graag feeste en bring graag offers so asof hulle regtig die Here eer en aanbid en so asof hulle heeltemal toegewyd aan die Here lewe in gemeenskap met Hom en hulle naaste. Van so 'n bedrog spul wil die Here niks weet nie. Hy word nie deur sulke soort aanbidding verheerlik nie. Dit is eerder 'n bespotting met Hom en met 'n verhouding met Hom. Deur net die Here te aanbid en te dien, maak nie outomaties die verkeerde dinge reg nie.

Amos 5:23-24 – 'n Oproep tot persoonlike bekering

23 Verwyder van My die geraas van jou liedere! En na die geluid van jou harpe wil Ek nie luister nie. 24 Maar laat die reg aanrol soos watergolwe, en geregtigheid soos 'n standhoudende stroom.

In aansluiting by die offers wat hulle graag maar deur die Here verwerp word, so is die liedere en musiek wat hulle ook maak. Israel was onder die indruk dat hulle liedere tot verheerliking van die Here is, maar die Here sê self dat dit net 'n **geraas** is wat hulle van Hom moet **verwyder**. Hy wil nie na die klanke van hulle harpe luister nie.

Die liedere en musiek kan maar van die mooiste wees, maar solank as wat die onreg voort woed, is hierdie liedere en musiek leeg en niksseggend, want die volk gehoorsaam nie die Here nie. Met offers en liedere – met allerhande uiterlike godsdienstige handeling – kan dit van buite af lyk asof daar regtig 'n gesonde verhouding met die Here is. Die Here sien egter dwarsdeur die mens en al sy bedoelings. Solank as wat daar nie 'n gehoorsame buig voor die Here se gesag is nie, beteken al hierdie uiterlike dinge niks nie. Dit is soos 'n leë dop.

In plaas van al hierdie uiterlike handeling van offers en musiek en liedere wat

aanhoudend stroom, verwag die Here dat die **reg moet aanrol soos watergolwe en geregtigheid soos 'n standhoudende stroom**. Die volk het so te sê die Here oorstroom met al die uiterlike godsdienstigheid terwyl hulle in hulle hart besig is om ander gode te aanbid en aan te hang en onder mekaar allerlei ongeregtighede te pleeg. Solank as wat daar nie 'n persoonlike eerbied en ontsag vir die Woord van die Here is nie, is al hierdie uiterlike dinge van nul en gener waarde.

Hierdie woorde in vers 24 is 'n sleutel in die boek Amos. Die tema van reg en geregtigheid kom ook in Hosea 6:6 en Miga 6:8 voor. Uiterlike godsdienstigheid is nie 'n plaasvervanger vir geregtigheid en liefde en ontsag vir God nie. Sonder geregtigheid, liefde en ontsag beteken al hierdie uiterlike godsdienstigheid niks nie. Nog erger – dit is vir die Here 'n walging want dit spreek van bedrieglikheid.

Amos 5:25-26 – 'n Klag van skynheilige godsdiens

25 Het julle aan My slagoffers en spysoffers gebring veertig jaar lank in die woestyn, o huis van Israel, 26 en ook gedra Sakkut, julle koning, en Kewan, julle beelde, julle stergod wat julle vir julle gemaak het?

Die Here keer terug na sy afkeer van die offers wat die volk aan Hom bring (vgl. Amos 5:21-23). Met hierdie retoriese vraag in verse 25 en 26 wil die Here dat Israel self raaksien waarmee hulle al vir eeue lank besig is.

Hulle het inderdaad volgens die voorskrifte van die Here **slagoffers en spysoffers** aan Hom **gebring die veertig jaar in die woestyn**. Maar nou vra die Here of dit toe al nie ook niksseggende offers was nie, want terwyl hulle die offers gebring het, het hulle ook hulle afgode met hulle saamgedra (vgl. Hand 7:42-43). Die twee afgode wat hier genoem word **Sakkut** en **Kewan** is afgode wat deur die Assiriërs aanbid is. Sakkut was 'n god van oorlog en Kewan het te doen gehad met die hemelliggame – 'n stergod.

Met hierdie vraag laat die Here dit vir Israel duidelik word dat hulle van die begin van hulle bestaan as volk 'n halfhartige en bedrieglike diens aan die Here verrig. Ja, daar was tye en gelowiges in die geskiedenis van Israel wat die Here opreg gedien het. Maar dwarsdeur die geskiedenis van Israel was daar ook hierdie vermenging van

diens aan die Here en aan afgode.

Amos 5:27 – 'n Beskrywing van die onvermydelike oordeel

27 Daarom sal Ek julle anderkant Damaskus in ballingskap wegvoer, sê die HERE wie se Naam God van die leërskaie is.

Die gevolg van hierdie huigelagtige diens aan die Here word duidelik aan Israel uitgespel – **Daarom sal Ek julle anderkant Damaskus in ballingskap wegvoer.** *Anderkant Damaskus* is 'n onbepaalde plek maar tog nie 'n onbekende plek nie. Anderkant Damaskus verwys na die Assiriërs wat inderdaad die Israeliete in 722vC in ballingskap weggevoer het. Tog moet daar opgelet word dat Assirië slegs die instrument in die hand van die Here is, want Hy self gaan Israel in ballingskap wegvoer.

Ballingskap is 'n verskriklike oordeel. Die oorlog en inname van die land wat die ballingskap voorafgaan, is reeds erg. Maar wanneer die volk in ballingskap weggevoer word, word hulle so te sê uit die land van die belofte uitgebán. Die Here jaag sy volk uit die land uit wat Hy as erfdeel aan sy volk belowe en gegee het.

Met sy Naam **God van die leërskaie** herinner die Here sy volk dat Hy die almagtige God is wat groot dinge doen. Hy is die Skepper en Formeerder van alles. Dit is Hy wat die dageraad in duisternis verander (Amos 4:13). Die oordeel oor Israel dat hulle in ballingskap weggevoer gaan word, is dus nie sommer maar net praatjies nie. Die Here kan doen wat Hy sê.